**Author: AL Stander**

# DIE EFFEK VAN 'N VOORLOPIGE SEKWESTRASIEBEVEL – WORD MY REG OM 'N LID VAN DIE PARLEMENT TE WEES INGEPERK?

eISSN 1727-3781

2015 VOLUME 18 No 5

http://dx.doi.org/10.4314/pelj.v18i5.04

# DIE EFFEK VAN 'N VOORLOPIGE SEKWESTRASIEBEVEL – WORD MY REG OM 'N LID VAN DIE PARLEMENT TE WEES INGEPERK?

**AL Stander***

## 1 Inleiding

Die vraag na die effek van ′n voorlopige sekwestrasiebevel, veral op die bevoegdheid van ′n persoon om ′n lid van die Parlement te wees of te word is besonder relevant en toepaslik weens die onlangse geval van mnr Julius Malema. Mnr Malema se boedel is op 10 Februarie 2014, op aansoek van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (hierna "SARS") in die Gauteng Noord Hoë Hof voorlopig gesekwestreer. Die skuld is gebaseer op uitstaande belasting van R16m plus rente deur mnr Malema verskuldig. Op die keerdatum van 26 Mei 2014 het SARS ′n verklaring uitgereik waarin bevestig is dat ′n voorwaardelike skikkingsooreenkoms met mnr Malema bereik is, op grond waarvan die voorlopige sekwestrasiebevel verleng is.[1] Die keerdatum is verleng tot 25 Augustus 2014, daarna tot 1 Desember 2014.[2] Op laasgenoemde datum is die keerdatum weer eens verleng tot 16 Maart 2015.[3] Hierdie bevel is gegee op grond van ′n verdere ooreenkoms tussen SARS en mnr Malema om bogenoemde skikkingsooreenkoms tussen die partye te finaliseer. Weer is die keerdatum verleng.[4] Hierdie keer na 1 Junie

* Leonie Stander. BIur LLB (PU vir CHO) LLM (Unisa) LLD (PU vir CHO). Professor in die Fakulteit Regte, Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. E-pos: Leonie.Stander@nwu.ac.za.

1 Sien City Press 2014 http://www.news24.com/Archives/City-Press/Julius-Malema-reaches-agreement-with-Sars-20150429.

2 Sien City Press 2015 http://www.news24.com/Archives/City-Press/Sars-prolonging-Malema-tax-issue-for-political-reasons-lawyer-20150429. Bewerings is gemaak dat SARS uitstel gevra het om ondersoek in te stel na die oorsprong van die maandelikse paaiemente wat namens Malema aan SARS betaal word. Daar is beweer dat SARS wou vasstel of "vuil geld" van enige bron gebruik is om die paaiemente te betaal, want as dit die geval is, sou dit die ooreenkoms tussen SARS en Malema in gevaar stel en daarbenewens sal SARS wil weet of die betalers skenkingsbelasting op die bydraes betaal het. Blykbaar het die ooreenkoms tussen mnr Malema en SARS hom verplig om sy finansiële sake bloot te lê en 'n volle en verifieerbare bekendmaking van sy bates, laste en inkomstebronne te maak. Sien City Press 2014 http://www.citypress.co.za/politics/paybackthemoney-settling-julius-malemas-taxes/.

3 Volgens SARS het mnr Malema nie die bg ooreenkoms nagekom nie, maar mnr Malema se prokureur het beweer dat die skuld betaal is. Sien City Press 2014 http://www.citypress.co.za/news/malemas-sequestration-order-extended-2015/.

4 Sien City Press 2014 http://www.citypress.co.za/news/malemas-sequestration-order-extended-2015/.

2015. Volgens SARS sou die verlenging hulle, sowel as mnr Malema, tyd gee om al die nodige hofdokumente te liasseer vir die finale stadium van die sekwestrasie-aansoek.

Waarom die aangeleentheid so belangrik is en soveel prominensie geniet het, is die feit dat 'n finale sekwestrasiebevel mnr Malema se politieke loopbaan kon beïnvloed omdat hy dan nie toegelaat sou word om verder as 'n Lid van die Parlement te dien nie.[5]

Die vraag wat onmiddellik na vore kom, is: bewerkstellig die toestaan van die voorlopige sekwestrasiebevel nie reeds so 'n uitkoms nie? Uit al die koerant- en nuusberigte blyk dit dat die standpunt is dat slegs 'n finale sekwestrasiebevel so 'n uitkoms bewerkstellig. Kragtens die *Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996[6] mag 'n ongerehabiliteerde insolvent nie 'n lid van die Nasionale Vergadering,[7] die Nasionale Raad van Provinsies,[8] of 'n Provinsiale Wetgewer[9] wees nie. Sluit die gebruik van die woorde "ongerehabiliteerde insolvent" ook iemand in wat onder voorlopige sekwestrasie verkeer?

Met hierdie artikel word vervolgens beoog om ondersoek in te stel na die effek van 'n voorlopige sekwestrasiebevel en die fokus sal wees die bevoegdheid van 'n insolvent om as 'n lid van die Parlement te funksioneer. Die regsposisie in die Suid-Afrikaanse reg sal ook vergelyk word met die regsposisie in die Verenigde State van Amerika[10] – wat ten opsigte van die insolvensiereg as 'n besonder suksesvolle, moderne, progressiewe en dinamiese regstelsel bekend staan. Beduidende veranderings om by hedendaagse praktiese situasies en die huidige ekonomiese klimaat aan te pas is so onlangs soos in 2005 aan die Amerikaanse insolvensieregstelsel aangebring.[11] Hierdie stelsel sal deurtastend bespreek word omdat dit, wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, 'n ietwat meer onbekende gebied is. Daar sal, spesifiek wat die aspek van

---

5 Op 1 Junie 2015 het die regter die voorlopige sekwestrasiebevel opgehef nadat SARS die aansoek vir 'n finale bevel teruggetrek het. Sien ANA 2015 http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/sa-nuus/malema-sekwestrasie-said-se-waarom-hy-bevel-terugtrek/.

6 Hierna "die *Grondwet*".

7 Artikel 47(1)(c) van die *Grondwet*.

8 Artikel 62 van die *Grondwet*.

9 Artikel 106(1)(c) van die *Grondwet*.

10 Hierna "die VSA" en "Amerikaanse".

11 Deur die *Bankruptcy Abuse Prevention and Consumer Protection Act*, 2005 (BAPCPA).

deelname aan die Parlement betref, slegs baie kortliks na die regsposisie in die Verenigde Koninkryk verwys word, omdat hierdie stelsel wat die Suid-Afrikaanse konteks betref, veel beter bekend is vanweë Suid-Afrika se historiese bande met die VK en die steun in die verlede op die Engelse insolvensiereg en die *Bankruptcy Act*, 1986.

## 2 Die voorlopige sekwestrasiebevel in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg

Dit is algemeen bekend dat ŉ verpligte sekwestrasie-aansoek in twee stadia geskied, naamlik die voorlopige stadium en die finale stadium.[12] Dit is ook algemeen bekend dat die voorlopige stadium nie oor die hoof gesien kan word nie – dat ŉ verpligte sekwestrasie-aansoek nie sonder ŉ voorlopige stadium kan plaasvind nie;[13] anders gestel, dat ŉ finale, verpligte sekwestrasiebevel nie dadelik toegestaan kan word nie; dat ŉ voorlopige sekwestrasiebevel eers gegee moet word voor ŉ finale bevel gegee kan word; dat die voorlopige stadium nie oor die hoof gesien kan word nie, ongeag hoeveel goeie of sterk "bewyse" die applikant het.

ŉ Voorlopige sekwestrasiebevel sal uitgereik word, in die diskresie van die hof wat die aansoek aanhoor, as die applikant *prima facie* bewys lewer dat (1) die skuldenaar inderdaad insolvent is óf enige een van die dade van insolvensie kragtens artikel 8 van die *Insolvensiewet* gepleeg het, (2) daar rede bestaan om te glo dat die sekwestrasie tot voordeel van die *concursus creditorum* sal wees, en (3) die applikant 'n gelikwideerde eis van ten minste R100 het, of as daar twee of meer applikante is, moet hul eise tesame R200 of meer wees.[14] As die hof nie tevrede is dat hierdie drie vereistes *prima facie* vasgestel is nie, *moet dit weier om die voorlopige sekwestrasiebevel toe te staan.*

Artikel 11 van die *Insolvensiewet* bepaal dat wanneer die hof ŉ voorlopige bevel toestaan, dit daarmee saam ŉ bevel *nisi* moet uitreik wat op die skuldenaar persoonlik

12 Sien aa 9-12 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936, hierna "die *Insolvensiewet*".
13 Daar móét eers 'n bevel *nisi* uitgereik word. Sien a 12 van die *Insolvensiewet*.
14 Artikel 10(a) saamgelees met a 9(1) van die *Insolvensiewet*. Sien ook Meskin ea *Insolvency Law* para 2.1. Hierdie bedrae is belaglik min en behoort na my mening aansienlik opgeskuif te word. 'n Eisbedrag van R5 000 (en R7 000 vir meer as 1 skuldeiser) kom in gedagte.

gedien moet word.[15] Hierdie bevel *nisi* bevat 'n keerdatum. Dit is die datum waarop die betrokke skuldenaar na die hof moet terugkeer en redes aantoon waarom sy[16] boedel nie finaal gesekwestreer moet word nie. Die implikasie is duidelik. Wanneer 'n keerdatum bepaal is en deur middel van 'n bevel *nisi* op die skuldenaar gedien is, *is 'n voorlopige sekwestrasiebevel reeds toegestaan*. Dit bestaan, dit het werking en dit het gevolge.

Voordat die gevolge van 'n voorlopige sekwestrasiebevel ondersoek word, is enkele opmerkings nodig oor enkele aspekte wat in die Malema-situasie of - omstandighede relevant kan word rakende die prosedure en die proses nadat die voorlopige bevel toegestaan is, nodig.

### *2.1 Die applikant en sy eis*

Eerstens relevant is dat SARS, of te wel die Kommissaris van Binnelandse Inkomste, die reg het om 'n applikant te wees vir die verpligte sekwestrasie van 'n persoon se boedel,[17] en wel vir enige agterstallige inkomstebelasting, verkoopbelasting en ook boetes in hierdie verband.[18]

Tweedens, die bedrag van ten minste R100 moet vasstaan ten tye van die liassering van die aansoek vir sekwestrasie by die Griffier van die hof, ten tye van die toestaan van die voorlopige bevel en wanneer aansoek vir die finale bevel gedoen word.[19] 'n Paar aspekte is nou belangrik vir die onderhawige aangeleentheid. As 'n skuldeiser reeds 'n voorlopige bevel gekry het en die skuldenaar/insolvent die verskuldigde bedrag betaal, kan die betrokke skuldeiser nie met die finale sekwestrasie-aansoek voortgaan nie.[20] Dieselfde sal geld as die eis in so 'n mate betaal word dat dit nou

---

15 Alternatiewe vorme van diening van die bevel *nisi* is nie nou relevant nie.

16 Die manlike vorm van skuldenaar sal deurgaans gebruik word, terwyl dit ook die vroulike vorm insluit.

17 Kragtens a 91(1)(c) van die *Inkomstebelastingwet* 58 van 1962. Sien ook a 40(2)(c) van die *Wet op die Belasting op Toegevoegde Waarde* 98 van 1991; Meskin ea *Insolvency Law* para 2.1.

18 In die saak van *Commissioner, South African Revenue Services v Hawker Air Services (Pty) Ltd, Commissioner, South African Revenue Services v Hawker Aviation Services Partnership* 2006 4 SA 292 (HHA) het die hof sover gegaan as om te beslis dat met verwysing na die bepalings van die *Inkomstebelastingwet*, die hof wat die sekwestrasie-aansoek aanhoor nie eers die korrektheid van die belastingaanslag mag bevraagteken nie.

19 Sien Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 107.

20 Sien ook Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 107.

minder as R100 is.[21] Daarom is in *Paizes v Phitides*[22] en daarna in *Reliance Agencies (Pty) Ltd v Patel*[23] beslis dat die skuldeiser nie gedeeltelike betaling hoef te aanvaar nie as die hele oogmerk daarvan is om die skuldeiser te verhoed om die aansoek te bring nie. Mars wys op nog twee relevante gevalle.[24] Dit is waar iemand anders die skuld vir die skuldenaar betaal. Die slotsom in hierdie geval is dat dit in beginsel nie saak maak wie die skuld namens die skuldenaar betaal nie (ten volle of tot onder R100).[25] Die applikant sal nie kan voortgaan met die finale stadium van die sekwestrasie-aansoek nie en die voorlopige sekwestrasiebevel sal opgehef moet word.[26] Al wat nou verder kan gebeur, is dat ′n ander party tussenbeide kan tree en self van nuuts af aan aansoek kan doen vir ′n voorlopige sekwestrasiebevel. Dan loop die aansoek weer sy gewone roete soos deur die *Insolvensiewet* uitgestip.

Derdens moet die applikant 'n gelikwideerde eis vir die genoemde bedrag hê. "Gelikwideer" beteken kortliks dat die eis ′n geld-eis moet wees wat vasgestel is deur ooreenkoms, hofbeslissing of op die een of ander manier ("andersins"). Daar mag bygevolg nie ′n *bona fide* geskil ten opsigte van die eis bestaan nie.[27] Die belangrike punt is dat, indien daar wel ′n *bona fide* geskil bestaan, maar dit vas staan dat ten minste R100 verskuldig is, die applikant steeds met sy aansoek sal kan voortgaan.[28] Verder is daar in *Kalil v Decotex (Pty) Ltd*[29] beslis dat in die geval waar daar ′n geskil oor die applikant se eis is, mondelinge getuienis toegelaat sal word om die eis te bepaal. Dit sal egter slegs in uitsonderlike omstandighede gebeur.

---

21 Dit bevestig my standpunt dat die bedrag van R100 onbenullig is. As 'n uitstaande skuld van R10 000 argumentsonthalwe ter sprake is, wie sal dan nog wil voortgaan met 'n saak as bloot R100 of minder uitstaande is?

22 *Paizes v Phitides* 1940 WLD 189.

23 *Reliance Agencies (Pty) Ltd v Patel* 1946 CPD 463.

24 Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 108.

25 Kyk Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 107 vn 62. Sien verder die opmerking hieronder oor die ooreenkoms oor betaling tussen SARS en mnr Malema.

26 Sien die opmerking hieronder in para 2.2 en vn 36 oor die aansoek vir die opheffing van die voorlopige sekwestrasiebevel van mnr Malema.

27 Sien in die algemeen Meskin ea *Insolvency Law* para 2.1. Sien ook *Laeveldse Koöperasie Bpk v Joubert* 1980 3 SA 1117 (T) vir 'n verduideliking tov "*bona fide* geskil".

28 Die onbetwiste deel van die eis is maw R100 of meer en daardie deel word uitdruklik of implisiet deur die partye erken. Sien *Laeveldse Koöperasie Bpk v Joubert* 1980 3 SA 1117 (T).

29 *Kalil v Decotex (Pty) Ltd* 1988 1 SA 943 (A). Sien ook *Santino Publishers CC v Waylite Marketing CC* 2010 2 SA 53 (GS).

Van belang is egter dat as 'n voorlopige sekwestrasiebevel *reeds* toegestaan is (soos in die geval van mnr Malema), beteken dit dat die hof tevrede was dat die applikant *prima facie* 'n gelikwideerde eis van ten minste R100 het. Mondelinge getuienis sal ingevolge Reël 6(5)(g) van die *Uniforme Hofreëls*[30] wel in die finale stadium (dus op die keerdatum) toegelaat word om enige feitegeskille by te lê. In die reeds genoemde *Kalil v Decotex (Pty) Ltd*-saak[31] het die hof die beginsel verduidelik, naamlik dat as daar 'n feitegeskil bestaan, die oorwig van waarskynlikhede soos uit die beëdigde verklarings voor die hof blyk, nie voldoende sal wees vir die applikant om sy saak te bewys nie. Voordat die hof 'n finale bevel sal toestaan, sal mondelinge getuienis gelei moet word, tensy die hof van oordeel is dat mondelinge getuienis nie die oorwig van waarskynlikhede sal versteur nie.

Vierdens moet die eis die applikant reeds toegeval het of aan hom verskuldig wees, hoewel dit kragtens artikel 9(2) nie 'n vereiste is dat dit reeds betaalbaar moet wees nie. Hieroor het die hof in *Sanddune CC v Catt*[32] beslis dat:

> ... a decision on the present applicability or otherwise of s 9(2) of the Act can be arrived at by referring to the nature of the agreement between the applicant and the respondent. It is an agreement of lease conferring reciprocal obligations upon the parties thereto. The applicant is obliged to make the leased premises available to the respondent, and the respondent is in turn obliged to pay the rental. If for some reason the applicant should refuse or be unable to make the leased premises available to the respondent, his obligation to pay rental would fall away. In these circumstances it is my view that it cannot be said that the future rentals can be considered to be claims which have accrued but which are not yet due. The applicant's claim for each future month's rental would only accrue when the applicant makes the leased premises available to the respondent on the first day of each such month. The position is quite different from that which exists in respect of a sale for credit or a loan of money which is only repayable at some future date, for in both those instances the seller and the money lender will have performed their obligations in terms of the respective agreements and the liability to pay of the purchaser and the borrower would be certain.

## *2.2 Terugtrekking*

Ook relevant vir die onderhawige ondersoek is die kwessie oor die terugtrekking van die aansoek. Mars meld dat die hof die diskresie het om toe te laat dat die aansoek

30 GN R48 in GG 999 van 12 Januarie 1965 (*Uniforme Hofreëls*).

31 *Kalil v Decotex (Pty) Ltd* 1988 1 SA 943 (A).

32 *Sanddune CC v Catt* 1998 2 SA 461 (SOK) 465D-H.

teruggetrek word, al is die voorlopige sekwestrasiebevel toegestaan en al is daar opposisie deur die skuldeisers.[33] As die aansoek teruggetrek word, sal die hof die voorlopige bevel ophef, tensy 'n ander skuldeiser tussenbeide tree. Kragtens artikel 149(2) van die *Insolvensiewet* mag die hof enige bevel wat dit uit hoofde van die bepalings van die *Insolvensiewet* gegee het, terugtrek[34] of wysig. Die betrokke artikel gee egter geen gronde waarop die terugtrekking of wysiging kan geskied nie. Dit beteken dat die hof in so 'n geval weer eens sy diskresie sal gebruik. Wat hierdie reël oor terugtrekking inhou, is dat die skuldeiser voor of op die dag dat die aansoek vir 'n voorlopige sekwestrasiebevel aangehoor word, die hof kan versoek dat sy aansoek teruggetrek word. As 'n voorlopige sekwestrasiebevel reeds toegestaan is, kan die skuldeiser op die keerdatum (wat vervroeg kan word[35]) aansoek doen vir die terugtrekking van sy aansoek vir die finale sekwestrasiebevel en tersydestelling van die voorlopige bevel.[36]

Die aansoek vir herroeping/opheffing/terugtrekking/tersydestelling is 'n mosie-aansoek, maar 'n aksieprosedure kan ook aangewend word.[37] In *Storti v Nugent*[38] verklaar die hof dat die terugtrekking van 'n sekwestrasiebevel kan plaasvind waar die bevel nie gegee moes word nie en ook waar die bevel behoorlik gemaak is, *maar faktore wat later ingetree het,* maak die terugtrekking daarvan noodsaaklik of wenslik.[39]

33 Sien Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 129. Die skrywers wys daarop dat die terugtrekking van die aansoek volledig en onvoorwaardelik moet wees en dat dit nie aan enige terme wat tussen die sekwestrerende skuldeiser en die skuldenaar ooreengekom is/word, onderworpe mag wees nie. Meskin ea *Insolvency Law* para 15.1.6.2.

34 Herroep, tersyde stel, ophef.

35 Artikel 11(3) van die *Insolvensiewet*. Sien ook Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 128; Meskin ea *Insolvency Law* para 2.1.10.

36 Daar moet dus so 'n aansoek wees. Uit die uitspraak van *Zadi v Body Corporate of Outeniqua* 2011 JOL 27756 (GN) paras 5-6 is dit duidelik dat die hof die voorlopige sekwestrasiebevel nie *mero motu* sal terugtrek of wysig nie. Vir 'n volledige uiteensetting van die bevoegdheid van die hof mbt die terugtrekking van 'n sekwestrasiebevel, sien ook *Naidoo v Matlala* 2012 1 SA 783 (GNP) 152-153.

37 *Storti v Nugent* 2001 3 SA 783 (W).

38 *Storti v Nugent* 2001 3 SA 783 (W).

39 Meskin ea *Insolvency Law* para 15.1.6.2. Vir 'n verdere, meer intensiewe bespreking van hierdie aspek, sien Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 25 en die regspraak hierbo na verwys.

### *2.3 Die keerdatum*

As die aansoek vir verpligte sekwestrasie geopponeer word, sal die keerdag byna sonder uitsondering uitgestel word[40] om die betrokke partye kans te gee om hulle dokumente te finaliseer[41] en hul saak as 'n bestrede mosie volgens die vereistes wat deur die *Eenvormige Hofreëls* gestel word, te argumenteer.[42]

Artikel 12(2) van die *Insolvensiewet* bepaal verder dat as die hof op die keerdatum nie op die oorwig van waarskynlikhede tevrede is dat die applikant sy saak (soos in artikel 12(1) vereis word) bewys het nie, dit die aansoek moet weier of verdere bewyse van die aangeleenthede wat in die aansoek uiteengesit is, moet versoek en die verhoor vir enige redelike tydperk moet uitstel,[43] maar nie *sine die* nie. As die hof dus meen dat daar 'n gebrek aan bewyse is van die bewerings wat die applikant gemaak het, kan dit die keerdatum verleng. In die saak van *Escom v Rademeyer*[44] het die hof ook bevind dat as die skuldenaar 'n uitstel versoek omdat hy versuim het om 'n prosedurele stap binne die tyd wat daarvoor toegelaat word, te doen moet hy 'n redelike verduideliking vir die vertraging voorsien en *prima facie* aantoon dat hy 'n *bona fide* verweer het wat hy sal kan aanvoer as die uitstel wel toegestaan word.[45]

Die standpunt in Mars is dat die uitstel van 'n bevel *nisi* nie toegestaan moet word bloot vir die skuldenaar se gerief, of vir die een of ander onderduimse oogmerk, of as dit op 'n misbruik van die hofproses neerkom nie.[46] Skrywer stem saam, gesien in die

---

40 Die rede hiervoor is die feit dat die skuldenaar betyds beëdigde verklarings waarin sy gronde vir opponering uiteengesit word, by die Griffier moet liasseer en op die appliserende skuldeiser moet dien. "Betyds liasseer" beteken dat die applikant voldoende tyd gegun moet word om op die verklarings te antwoord.

41 Soos wat weliswaar gebeur het in die aangeleentheid waarna hierbo verwys is.

42 Sien die onlangse saak van *Standard Bank of SA Ltd v Sewpersadh* 2005 4 SA 148 (K) 153 vir die status van 'n applikant se funderende verklaring, die toelaatbaarheid daarvan om verdere beëdigde verklarings by te voeg en die effek van nuwe aangeleenthede in die applikant se repliserende verklaring.

43 Die vraag is of die "redelike tydperk" nie in die onderhawige geval al oorskry was nie? Myns insiens wel. Die stappe waardeur die partye sedert vroeg 2014 al gegaan het, blyk op die oog af 'n onnodige uitrek van die proses te gewees het. Dit moet egter toegegee word dat die ondersoek waarmee SARS waarskynlik besig was, meer tyd benodig het as die gewone geval.

44 *Escom v Rademeyer* 1985 2 SA 654 (T).

45 Sien ook Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 133; Meskin ea *Law of Insolvency* para 2.1.13.

46 Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 133. Meskin ea *Law of Insolvency* para 2.1.13 huldig min of meer dieselfde standpunt.

lig van al die duidelike en uitdruklike bepalings oor die onderwerp in artikels 10 tot 12 en artikel 149(2), veral met verwysing na die faktore wat as bewys vereis word, waarvoor uitstel verleen kan word, waarvoor ŉ vervroeging toegestaan kan word, wanneer ŉ terugtrekking toelaatbaar is, die faktore van "redelikheid", "redelike tyd", "redelike verontskuldiging", "redelike verduideliking", "spesiale omstandighede", "voordeel van skuldeisers" en "*bona fides"*, soos dit deur die loop van jare in die regspraak uitgekristaliseer het.

## *2.4 Gevolge van die voorlopige bevel*

Artikel 20(1) van die *Insolvensiewet* bepaal dat die skuldenaar met die toestaan van die sekwestrasiebevel beheer oor sy boedel verloor. Die bewoording wat gebruik word, is dat die boedel in die Meester *vestig* en met aanstelling van ŉ kurator die boedel dan in daardie kurator *vestig*. Die skuldenaar, wat nou as die insolvent bekend staan, het vervolgens nie meer dieselfde regte ten opsigte van die boedel (wat voor die sekwestrasiebevel sý boedel was) as wat hy voor die sekwestrasiebevel gehad het nie. Hy het nie die reg om die bates van die boedel te gebruik, aan te wend, die boedel te belas of by ooreenkomste of besigheid te betrek nie. As in ag geneem word wat die "bates van die insolvente boedel" alles behels,[47] is die effek van hierdie gebeurtenis vir die insolvent enorm.[48]

Daarbenewens het die sekwestrasie ook ŉ beduidende effek op die insolvent persoonlik.[49] Relevant vir die ondersoek tans, is die effek wat sekwestrasie het op die bevoegdheid van die insolvent om ŉ beroep of professie te beoefen. Die algemene reël word gestel in artikel 23(3) van die *Insolvensiewet* wat daarop neerkom dat die insolvent enige beroep of professie mag beoefen of enige diens mag betree. Die oogmerk van die wet is duidelik dat die insolvent in staat moet bly om hom en sy gesin te onderhou, wat natuurlik die las op die staat om persone sonder inkomste by te staan, sal laat afneem. Daar is wel ŉ uitsondering en dit is (hoe onverstaanbaar hierdie

47 'n Aspek wat vir doeleindes van hierdie ondersoek nie relevant is nie.
48 Sien in die algemeen Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 181 ev*;* Meskin ea *Law of Insolvency* para 5.
49 Sien bv a 23 van die *Insolvensiewet*; Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 172; Meskin ea *Law of Insolvency* paras 5.13, 5.14.

reël ook al mag wees) dat die insolvent nie sonder die skriftelike toestemming van sy kurator[50] die besigheid van ʼn algemene handelaar of ʼn fabrikant mag bedryf nie, of in enige hoedanigheid in die diens van die besigheid van ʼn algemene handelaar of fabrikant wees nie, of enige direkte of indirekte belang by so ʼn besigheid mag hê nie.[51] Dan is daar verder ook bepalings in ander wette wat die insolvent se reg om ʼn beroep te beoefen, beïnvloed. Enkele van hierdie beroepe wat *in die een of ander mate geraak word*, is onder andere ʼn direkteur van ʼn maatskappy, prokureur, kurator van ʼn insolvente boedel, lid van die Raad van die Nasionale Kredietreguleerder, likwidateur van ʼn maatskappy of beslote korporasie, trustee van ʼn trust, vervaardiger of verspreider van drank, lid van die Raad van die Land- en Ontwikkelingsbank van Suid-Afrika.[52] Die kritieke vraag is egter of die voorlopige sekwestrasiebevel dieselfde gevolg sal hê?

Om hierdie vraag te beantwoord is dit belangrik om daarop te wys en word dit herhaal dat die begrip "sekwestrasiebevel" volgens artikel 2 van die *Insolvensiewet* (wat die woordomskrywingsartikel is) enige bevel van die hof waardeur ʼn boedel gesekwestreer word, beteken. ʼn Finale sowel as ʼn voorlopige sekwestrasiebevel wat nie tersyde gestel is nie, kwalifiseer derhalwe as ʼn artikel 2-"sekwestrasiebevel".

Kragtens die *Grondwet* mag ʼn ongerehabiliteerde insolvent nie ʼn lid van die Nasionale Vergadering,[53] die Nasionale Raad van Provinsies,[54] of ʼn Provinsiale Wetgewer[55] wees nie. Dit is hierdie aspek wat die Malema-geval hierbo op die voorgrond geplaas het. Sluit die gebruik van die woorde "ongerehabiliteerde insolvent" ook iemand in wat onder voorlopige sekwestrasie verkeer? Die gemelde artikel 2 bepaal dat ʼn "insolvent" ʼn skuldenaar is wie se boedel onder sekwestrasie is. Afhangende van die konteks waarin die begrip gebruik word, kan dit wel ook so 'n skuldenaar vóór die sekwestrasie van sy boedel insluit. Daarom is dit my mening dat die byvoeging van

---

50 Dus, as die vereiste toestemming verkry is, is daar geen beletsel om sodanig betrokke te wees nie.

51 Dat daar heelwat oor hierdie onderwerp te sê is, is waar, maar nie nou relevant nie.

52 Vir 'n meer volledige verwysing en bespreking, sien Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 172; Sharrock ea *Insolvensiereg* 70 ev.

53 Artikel 47(1)(c) van die *Grondwet.*

54 Artikel 62 van die *Grondwet*.

55 Artikel 106(1)(c) van die *Grondwet*.

"ongerehabiliteerde" in die genoemde bepalings van die *Grondwet* aandui dat hier onder die begrip *'n insolvent* bedoel word: iemand wie se boedel onder sekwestrasie is. Sekwestrasie word weer bewerkstellig deur 'n sekwestrasiebevel. En soos genoem, sluit dit 'n voorlopige sekwestrasiebevel in.

Die verlenging van die keerdatum het geen effek op die voorlopige sekwestrasiebevel nie. Die voorlopige sekwestrasiebevel staan, tensy of totdat dit opgehef, tersyde gestel of herroep word. Het 'n betalingsooreenkoms tussen die appliserende skuldeiser en die insolvent – soos in die Malema-geval voorgekom het – enige effek op die feit van 'n "voorlopige sekwestrasiebevel"? Dit behoort nie te hê nie. Daar bestaan nie verskillende soorte voorlopige sekwestrasiebevele of voorwaardelike voorlopige sekwestrasiebevele nie en slegs die hof kan 'n sekwestrasiebevel tersyde stel. Dit mag wees dat die partye 'n ooreenkoms het dat op 'n sekere manier betaal moet word; dat sekere vereistes vir betaling gestel word; dat as daar nie daaraan voldoen word nie die applikant op die keerdatum sal voortgaan met die aansoek vir finale sekwestrasie. Dit is my mening dat die ooreenkoms nie die *aard* en die bestaan van 'n voorlopige sekwestrasiebevel kan wysig nie.

Daarom meen ek dat 'n voorlopige sekwestrasiebevel dieselfde effek ten opsigte van bogemelde ampte bewerkstellig. Dit sal vervolgens insiggewend wees om te sien hoe die insolvensiereg in die VSA 'n situasie soos hierdie sal hanteer.

## 3 Die regsposisie in die VSA

Om die Amerikaanse benadering met betrekking tot die insolvensiereg te verstaan en 'n behoorlike beeld en insig rakende hul ingesteldheid ten opsigte van hierdie aspek in hul alledaagse ekonomiese bedrywighede te kan vorm, is 'n kort oorsig van hul "sekwestrasieproses" nodig. Dit is hierdie benadering wat 'n groot rol speel by die uiteindelike hantering van die aangeleentheid onder bespreking. Die Amerikaanse insolvensiereg staan bekend as "bankruptcy law" en verder word die insolvensie van 'n skuldenaar, die sekwestrasie van die skuldenaar se boedel, oorverskuldigheid, en in skuld gedompel wees, alles onder een oorhoofse tema van "bankruptcy" hanteer.[56]

---

[56] Sien Baird *Elements of Bankruptcy* 8.

Ter wille van gerief en om misverstande met die vergelyking tussen hierdie twee jurisdiksies te voorkom,[57] sal die begrip sekwestrasie in plaas van "bankruptcy" deurgaans gebruik word.[58]

Die interessante van die Amerikaanse insolvensiereg is dat dit volgens Howard teruggevoer kan word dwarsdeur die reg van Engeland tot by die reg van Italiaanse stadstate in die 14de eeu.[59] Hierdie Italiaanse stadstate se reg was op hul beurt weer afgelei van Romeinse reg. Howard wys daarop dat die vroeëre insolvensiereg in sy geheel skuldeiser-georiënteerd was.[60] Dit was ontwerp om die skuldenaar te verhoed om bates vir die skuldeisers weg te steek en het ten opsigte van die skuldenaar ʼn strafeienskap ingehou.[61] Hierdie vroeëre insolvensiereg het slegs verpligte sekwestrasies toegelaat en het geensins eers die vrystelling ("discharge") van skulde wat aan die einde van die hele proses nog oorgebly het, in gedagte gehad of beoog nie. Howard wys verder daarop dat die vroeëre insolvensiewette ook tot sekere klasse skuldenare, soos koopmans en handelaars beperk was. Tereg wys hy daarop dat die insolvensiewette geleidelik meer skuldenaar-vriendelik geword het.[62] Dit het gaandeweg vrywillige aansoeke toegelaat en was nie net beperk tot koopmans en handelaars nie.

Die 1978 *US Bankruptcy Code*[63] is die mees skuldenaar-vriendelike insolvensieregstelsel wat in die VSA gepromulgeer is.[64] Veral opmerklik is die feit dat

---

57 Met die fokus van hierdie ondersoek, nl die verkiesing tot en die funksionering as lid van die Amerikaanse Kongres, in gedagte.

58 En "filing a petition (for bankruptcy)" as ʼn aansoek vir sekwestrasie.

59 Howard *Bankruptcy* 15.

60 Soos ook die Suid-Afrikaanse gemenereg was. Sien Smith *Law of Insolvency* 5 ev.

61 Sien ook die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse insolvensiereg soos verduidelik in Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 6 ev.

62 Sien ook Efra 2006 *EBDJ* 481-519. Hierdie selfde neiging is te bespeur ook wat die ontwikkeling in die Romeins-Hollandse en Suid-Afrikaanse insolvensiereg betref. Sien Smith *Law of Insolvency* 5 ev; Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 6 ev.

63 Die *Bankruptcy Code* kom voor in *Title 11*.

64 Howard *Bankruptcy* 16. Na ʼn hele oorsig oor die Amerikaanse "bankruptcy procedure" konkludeer Efra 2006 *EBDJ* 518 dat met die kulturele revolusie vanaf die 50-ger en 60-ger jare in die VSA (wat persoonlike vervulling beklemtoon het en persoonlike verantwoordelikheid grotendeels verwerp het) finansiële mislukking meer en meer as die gevolg van eksterne faktore, soos resessie, inflasie, gebrek aan welvaart, en die uitlener se optrede beskou is. Hierdie veranderende norme tov persoonlike bankrotskap is aan die een kant veroorsaak deur ʼn verandering in die gemeenskap se ingesteldheid vanaf *spaar* na *verbruik*. (Sien in hierdie verband ook Elias, Renauer en Leonard *How to File for Chapter 7 Bankruptcy* 7.) Aan die ander kant was daar volgens hierdie skrywer ook ʼn

daar in die Amerikaanse insolvensiereg nie na die "insolvent" verwys word nie. Die gebruik van die begrip "bankrupt" is uitgefaseer en die begrip "debtor" is deurgaans gebruik.[65] Elias en Bayer[66] verklaar dan ook:

> Bankruptcy is a truly worthy part of our legal system, based as it is on forgiveness rather than retribution. Certainly, it gives people a fresh start in our increasingly volatile economy, helps keep families together, reduces suicide rates, and keeps the ranks of the homeless from growing even larger.

Ferriell en Janger[67] se mening is dat as skuldenare te straf behandel word, dit mense in die algemeen ontmoedig om risiko's aan te gaan wat andersins welvaart en ook effektiewe welvaart vir die gemeenskap in die geheel sal skep. Mense wat opgesaal sit met enorme skuld, met geen hoop om die voordeel van hul toekomstige arbeid (anders as om net hul skuldeisers te betaal) te geniet nie, word ontmoedig om hard te werk. As hulle van hul verpligtinge vrygestel word, en in staat gestel word om die voordele van hul toekomstige strewes te oes, sal hulle volgens hierdie skrywers meer geredelik produktiewe burgers wees.[68] Baird verduidelik dit so:

> There are many honest, decent individuals who through the improvidence or bad luck end up owing their creditors more than they ever can repay. … For more than a century, our laws have granted such individuals a fresh start. They can file a bankruptcy petition, discharge their debts, and start over again. More than a million individuals file bankruptcy petitions each year. The overwhelming majority of these cases are short, uncomplicated affairs. The debtors never appear in court, no creditor objects, and the court clerk is the only one who ever sees the file. The system

afname in die sterkte van "norm enforcement mechanisms" (Efra 2006 *EBDJ* 518). "Not only have Americans become less vulnerable to external norm sanctions, the forcefulness of norm sanctions has dramatically declined over time as a result of weakening cultural cohesiveness in the United States. The looser the cultural structure, the weaker society is in forcing the individual to conform" (Efra 2006 *EBDJ* 514). Tradisioneel het insolvente persone dus "eksterne sanksies" van die gemeenskap in die gesig gestaar. Met die revolusie is die "formele" eksterne sanksies verwerp en "informele" eksterne sanksies het oneffektief geraak. Ook "norm internalisering" het ŉ minder kragtige afskrikmiddel geword (Efra 2006 *EBDJ* 519). Wat die skrywer bedoel is dat individue begin agterkom het dat so baie ander in die gemeenskap vir sekwestrasiebeskerming aansoek doen. Sekwestrasies was nie meer iets snaaks nie. Die verbruiker was nie meer skaam daaroor nie.

65 Sien 11 USC § 101; Baird *Elements of Bankruptcy* 7.

66 Elias en Bayer *New Bankruptcy* 8/3. Sien ook Blum *Bankruptcy and Debtor/Creditor* 95.

67 Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 1. Hierdie skrywers erken tog ook dat as skuldenare té toegeeflik behandel word, hulle baie makliker skuld kan aangaan en hul die bates wat hulle bymekaar gemaak het baie gemakliker kan verkwis in plaas daarvan om dit vir die betaling van hul skuldeisers te gebruik. Na my mening is hierdie benadering nog grootliks die oorheersende ingesteldheid tov die insolvent in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg.

68 Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 1 wys daarop dat soortgelyke doelwitte en kommer bestaan by besighede wat wil reorganiseer, maar gee toe dat korporasies wat likwideer nie ŉ "fresh start" benodig of kry nie. Hulle hou bloot op om te bestaan.

> provides enormous benefits to the "honest but unfortunate debtor" while imposing only a small cost on creditors. *Having a debt you are owed discharged matters relatively little if there is almost no chance you are going to be repaid anyway. You are better off having the debtor's affairs subjected to scrutiny by a trustee and walking away*.[69]

ʼn Mens moet weliswaar nie nalaat nie om te meld dat daar inderdaad ʼn hele aantal bepalings in die *Bankruptcy Code* opgeneem is om misbruik, bedrog en oneerlikheid te bekamp. Enkele voorbeelde hiervan is § 707 waardeur die "means test" gebruik word om ʼn "fresh start" vir verbruikers te blok indien hulle meer as die meeste ander mense verdien en genoeg vervreembare bates het om substansiële terugbetalings aan hul skuldeisers te maak. Verder is daar ook § 727 wat skuldenare verhoed om ʼn vrystelling ("discharge") te kry as hulle hul skuldeisers bedrieg het, bates oneerlik vervreem het of andersins die proses misbruik het.[70]

Wat verder in gedagte gehou moet word, is dat die Amerikaanse sekwestrasieproses deur federale reëls gelei word, hoewel aspekte van staatlike reg in sekere opsigte ook ʼn rol speel.[71] Die ingewikkelde fasette wat dit meebring, het egter vir die fokus van die ondersoek tans nie 'n noemenswaardige impak nie. In welke mate hierdie federale reëls ontwerp is om verbruikers en besigheide te help om van hulle skuld ontslae te raak[72] onder die beskerming van die *United States Bankruptcy Code* en die *United States Bankruptcy Court*, sal hieronder nog verder duidelik word.

### *3.1 Die petisie[73] vir sekwestrasie*

Hoofstukke 7, 9, 11, 12, 13 en 15 van die *11 USC 1978* maak voorsiening vir die verskillende tipes sekwestrasie-aansoeke wat by die Amerikaanse insolvensiereg ingebring kan word. *Chapter* 7 is vir die likwidasie van die boedel van individue en korporasies; *Chapter* 9 word gebruik in die geval van insolvensies van munisipaliteite; *Chapter* 11 is vir ʼn reorganisasie by hoofsaaklik korporasies, maar kan in sekere gevalle ook vir individue gebruik word; *Chapter* 12 is vir "familieboere" en "familie-

69 Baird *Elements of Bankruptcy* 32 (klem ingevoeg).
70 Sien verder Baird *Elements of Bankruptcy* 37-44.
71 ABA *Guide to Credit and Bankruptcy* 239.
72 En dus 'n groot stap verder gaan as die Suid-Afrikaanse insolvensiereg tans.
73 In Suid-Afrika is dit 'n mosie-aansoek. Sien Reël 6(1) *Uniforme Hofreëls*; Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 67, 121.

vissermanne"; *Chapter* 13 is vir die rehabilitasie van individue en *Chapter* 15 is vir oorgrens-insolvensies.[74] Nie een van hierdie prosedures behels enigsins 'n voorlopige stadium of 'n voorlopige sekwestrasiebevel nie. Myns insiens is dit deel van die Amerikaanse ingesteldheid en van die *Bankruptcy Code* se oogmerk om skuldenare te help[75] om so gou as moontlik van hul skuld ontslae te raak en van voor af te begin, waaroor hier onder meer.

Daar is drie algemene tipes sekwestrasie wat vir die huidige ondersoek relevant is, naamlik die *Chapter 7-, Chapter 11-* en *Chapter 13*-sekwestrasies. Vir watter een aansoek gedoen moet word, hang af van die skuldenaar se inkomste, bates en tipes skuld. Dit is duidelik dat sekwestrasies in die Amerikaanse insolvensiereg in twee verskyningsvorme kom: likwidasie en reorganisasie.[76] Wanneer die gewone likwidasie (*Chapter* 7) in die geval van 'n korporasie geskied het, hou die besigheid op om te bestaan. In 'n reorganisasie (*Chapters* 11 of 13) word die betaling van skuld uitgestel of verminder, voorraad herverdeel en die skuldenaar bly voortbestaan en bedryf steeds die besigheid.[77]

---

74 Vir 'n volledige bespreking hiervan, sien in die algemeen Blum *Bankruptcy and Debtor/Creditor*; Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual*; Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy*; Elias, Michon en Dzikowski *Chapter 13 Bankruptcy*; Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice*; Tabb en Brubaker *Bankruptcy Law*; Drake and Strickland *Chapter 11 Reorganizations*; Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy*; Howard *Bankruptcy*; Scarberry ea *Business Reorganization in Bankruptcy*; Warren *Bankruptcy*; Williamson *Small Business Reorganization*; Roe *Corporate Reorganization and Bankruptcy*; Ventura *Bankruptcy Handbook*.

75 Howard *Bankruptcy* 17 vestig die aandag op die mees aangehaalde saak oor die insolvensiereg in die VSA nl *Local Loan Co v Hunt* 292 US 234 (1934) en verduidelik die uitspraak (klem ingevoeg) op 244 dat "bankruptcy gives to *the honest but unfortunate debtor* who surrenders for distribution the property which he owns *at the time of bankruptcy*, a new opportunity in life and a clear field for future effort, unhampered by the pressure and discouragement of preexisting debt." Whaley en Morris *Debtor and Creditor Law* 2 verwys ook na hierdie saak wanneer hulle verklaar dat "(b)ankruptcy law has two primary goals: It seeks the orderly and equitable repayment of claims for benefit of creditors, and it offers an economic fresh start to the proverbial 'honest but unfortunate debtor'". Tog noem hulle ook dat "(i)n some ways, these goals conflict. The more assets we permit a debtor to keep, the 'fresher' the debtor start. On the other hand, the debtor's retention of the assets lessens the amount that the creditors can recover in satisfaction of their claims".

76 Roe *Corporate Reorganization and Bankruptcy* 1.

77 Roe *Corporate Reorganization and Bankruptcy* 2.

### 3.2 Chapter 7[78]

*Chapter* 7 is vir individue en besighede. Reeds by die aansoek[79] blyk die ingesteldheid om die skuldenaar so gou as moontlik te help. Die grondslag van so ′n aansoek is ′n hofgeding en word in die algemeen op ′n onmiddellike basis gelitigeer.[80] Dit stel aan die einde die skuldenaar vry van die meeste van sy onversekerde skuld en gee hom ′n kans om baie vinnig weer van heel voor af te begin. Dit is die sogenaamde *fresh start* of nuut begin. Soos genoem is dit ′n likwidasieproses. ′n Kurator ("trustee") word onmiddellik en outomaties deur die hof aangestel[81] en neem beheer van die insolvente boedel oor. Die insolvente boedel se bates, as daar is, word deur hom bymekaar gemaak, verkoop en die opbrengs onder die skuldeisers verdeel[82] ooreenkomstig die voorgeskrewe voorkeurorde in die *Bankruptcy Code*. Tot in hierdie stadium klink dit baie soos die Suid-Afrikaanse proses. Tog is daar belangrike verskille. Die applikant hoef nie te bewys dat die skuldenaar se boedel insolvent is nie, of dat sekwestrasie tot voordeel van die skuldeisers sal wees nie, of dat daar voldoende vrye oorskot sal wees om die sekwestrasiekoste te delg nie.[83] Dit is inderdaad ′n proses om die skuldenaar te help om van sy skulde ontslae te raak en van voor af te begin.[84] Dit is werklik die eenvoudigste en vinnigste vorme van sekwestrasie en neem gewoonlik net so drie tot ses maande vir afhandeling.[85]

---

78 Sien Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 120, 160 en 165.

79 "Filing for bankruptcy" of "petition for Chapter 7".

80 Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 77; Warren *Bankruptcy* 20.

81 Elias en Bayer *New Bankruptcy* 8/3. Dit is anders as in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg waar 'n kurator deur die skuldeisers verkies word.

82 Ventura *Bankruptcy Handbook* 115,136; Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 8-11.

83 Sien LoPucki *Strategies for Creditors* 23.

84 Natuurlik het bedrog en oneerlikheid deur die jare hoogty gevier, sodat die wetgewer in 2005 die "means test" op die wetboek geplaas het. Sien bv LoPucki *Strategies for Creditors* 250; Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 117; Baird *Elements of Bankruptcy* 34 ev; Ventura *Bankruptcy Handbook* 128. Dit is 'n redelik ingewikkelde toets om te bepaal of die aansoeker se inkomste onder die mediaan val van huishoudelike inkomste vir die staat waarin hy woon. Slegs dan kan hy deesdae 'n *Chapter* 7 aansoek bring. Dit stel ook die vereiste dat skuldenare verpligte skuldberading ondergaan voordat die liassering van die petisie vir sekwestrasie gedoen kan word.

85 Volgens ABA *Guide to Credit and Bankruptcy* 228 neem dit so 4-6 maande na die aansoek. Volgens Elias, Renauer en Leonard *How to File for Chapter 7 Bankruptcy* 10 neem dit slegs so 3 maande en volgens Elias en Bayer *New Bankruptcy* 1/4 neem dit 3-6 maande.

*Chapter* 7 word baie selde vir verpligte sekwestrasie-aansoeke aangewend. Tog kan dit wel gebeur.[86] Dit is egter so dat minder as 0.5% van die aansoeke verpligte aansoeke is.[87] In die meeste aansoeke van hierdie aard is byna al die bates vrygestel – die skuldenaar moet ′n lys aan die hof voorlê waarin hy aandui watter bates vrygestel is.[88] So kan hy dit teen die onversekerde skuldeisers beskerm, want daar is dan gewoonlik geen bates om te likwideer nie en bygevolg geen dividend aan die skuldeisers nie.[89]

Die voordeel vir die skuldenaar by ′n *Chapter* 7-aansoek is dat dit onmiddellik ′n outomatiese opskorting ("automatic stay") bewerkstellig.[90] Soos in Suid-Afrika, verhoed dit skuldeisers om enigsins hulle skuld in te vorder. Daar kan nie meer op die skuldenaar se bates, bankrekenings, salaris of ander eiendom beslag gelê word nie.[91] Die periode tussen die liassering van die verpligtige aansoek en die hof se beslissing daaroor, word as die "gap period" beskryf. Gedurende hierdie tydperk is daar spesiale beskermingsmaatreëls ten opsigte van die skuldenaar en ook daardie skuldeisers wat dan met hom besigheid doen.[92]

> There are several other disadvantages to creditors pursuing involuntary relief. After the filing of the involuntary petition, a debtor may continue to operate its business and carry on financial transactions during the so-called "gap period," which subjects available assets to depletion.[93]

---

86 LoPucki *Strategies for Creditors* 23, 62 ev; Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 183.

87 Baird *Elements of Bankruptcy*. Een rede is waarskynlik die feit dat as die hof die verpligte aansoek weier, die appliserende skuldeisers beveel kan word om enige skade te vergoed wat deur die beslagneming van die skuldenaar se bates deur die kurator veroorsaak is (11 USC 303(i)(1)). Daarbenewens kan die hof ook vonnis teen die skuldeiser wat die aansoek *mala fide* gebring het, gee vir enige skade wat die onmiddellik daardeur veroorsaak is (11 USC § 303(i)(2); Williamson *Small Business Reorganization* 209, 214; LoPucki *Strategies for Creditors* 24, 252; Warren *Bankruptcy* 20.

88 Die staatlike reg bepaal welke bates buite die boedel val, maar sommige state laat toe dat die skuldenaar self besluit om die federale vrystellings te gebruik en hierdie twee mag baie verskil. Die skuldenaar kan dan daardie reëls gebruik wat hom die meeste bates laat behou (Elias en Bayer *New Bankruptcy* 1/6). Sien ook American Bar Association *Guide to Credit and Bankruptcy* 245; Ventura *Bankruptcy Handbook* 135.

89 ABA *Guide to Credit and Bankruptcy* 243, 245; Elias en Bayer *New Bankruptcy* 1/6; Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy* 690.

90 LoPucki *Strategies for Creditors* 36; Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 193; Whaley en Morris *Debtor and Creditor Law* 2.

91 Warren *Bankruptcy* 177-180.

92 Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual* 1410.

93 Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual* 1344. LoPucki *Strategies for Creditors* 207 verklaar oor die effek van hierdie *gap period* dat skuldenare "can continue to operate the business

Die twee belangrike bepalings van die *Bankruptcy Code* in hierdie verband is 11 USC § 303(f) en 11 USC § 303(g). Die effek van hierdie bepalings, met verwysing na die voordelige posisie van die skuldenaar, spreek vanself – in hierdie tyd bly die skuldenaar in beheer van sy boedel en besigheid.[94] 11 USC § 303(f) bepaal:

> Notwithstanding § 363 of this title, except to the extent that the court orders otherwise, and until an order for relief in the case, any business of the debtor may continue to operate, and the debtor may continue to use, acquire, or dispose of property as if an involuntary case concerning the debtor had not been commenced.

11 USC § 303(g) bepaal (klem ingevoeg):

> At any time after the commencement of an involuntary case under Chapter 7 of this title but before an order for relief in the case, the court, on request of a party in interest, after notice to the debtor and a hearing, and if necessary to preserve the property of the estate or to prevent loss to the estate, may order the United States trustee to appoint an interim trustee under section 701 of this title to take possession of the property of the estate and to operate any business of the debtor. Before an order for relief, the debtor *may regain possession of property* in possession of a trustee ordered appointed under this subsection if the debtor files such bond as the court requires, conditioned on the debtor's accounting for and delivering to the trustee, if there is an order for relief in the case, such property, or the value, as of the date the debtor regains possession, of such property.

Skulde wat in die gewone loop van besigheid in die "gap period" aangegaan is, word as eise teen die boedel behandel en kry prioriteitstatus (derde prioriteit) in die verdeling van die boedel.[95] Die oogmerk daarmee is om persone aan te moedig om steeds met die skuldenaar besigheid te doen.[96] Ook hierdie wys myns insiens op die bedoeling van die Amerikaanse wetgewer om die skuldenaar so gou as moontlik weer in die handel bedrywig te kry.

ʼn Verdere skuldenaar-vriendelike bepaling is dat die skuldenaar ʼn absolute reg het om ʼn verpligte sekwestrasie-aansoek kragtens *Chapter* 7 in ʼn *Chapter* 11-aansoek om te skakel – óf voor óf selfs na die sekwestrasiebevel deur die hof toegestaan is.[97] Dus,

---

and use the collateral until the court orders otherwise. Thus … the debtor will have much of the best of both worlds, perhaps to the detriment of creditors."

94 Sien verder Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 192-193. 'n Voorlopige kurator ("interim trustee") kan wel in hierdie tyd op versoek van die skuldeisers aangestel word. Sien ook Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual* 1411.

95 11 USC §§ 502(f), 507(3)(a). Sien ook LoPucki *Strategies for Creditors* 315, 534.

96 Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual* 1415.

97 Kyk 11 USC § 706(a). Sien ook LoPucki *Strategies for Creditors* 24, 336.

selfs as die skuldenaar se teenstaan van die verpligte *Chapter* 7-aansoek onsuksesvol is, kan hy die aansoek na 'n *Chapter* 11 (waar hy meer beheer het) omskakel.[98] Dit sal hy kan doen om weer beheer oor sy boedel te verkry.

### *3.3 Chapter 11*[99]

Hierdie prosedure herinner baie aan die akkoord-prosedure van die Suid-Afrikaanse insolvensiereg. *Chapter* 11 word hoofsaaklik gebruik vir besighede[100] maar dit kan wel in die geval van individue met baie groot skulde aangewend word.[101] Weer is dit nie nodig om te bewys dat die skuldenaar insolvent is nie, of dat die aansoek tot voordeel van die skuldeisers sal wees nie of dat daar vrye oorskot sal wees om die kostes van die aansoek te dek nie.[102] Die *Chapter* 11-aansoek is hoofsaaklik vir reorganisasie[103] van die besigheid se skuld,[104] hoewel dit ook een vir likwidasie kan wees.[105] Dit is ook al beskryf as 'n "business debtor rehabilitation" deur middel van besigheid-reorganisasie. In hierdie geval word die skuldenaar 'n eksklusiewe tydperk gegun om 'n reorganisasieplan voor te stel en te laat bekragtig.[106] Daardeur bied hy 'n ooreenkoms aan sy skuldeisers waaroor daar gestem word, en die meerderheid die nie-instemmende minderheid bind.[107] Skuldeisers kan ook 'n petisie vir 'n *Chapter* 11-

---

98 Williamson *Small Business Reorganization* 213.

99 Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy* 551 ev. Sien in die algemeen ook Gerber *Business Reorganizations*; Williamson *Small Business Reorganization* 11.

100 Besighede met ernstige skuldprobleme wat deur hul skuldeisers vir betaling geteister word, doen onmiddellik aansoek vir 'n *Chapter 11* "sekwestrasie" (of te wel besigheid reorganisasie).

101 LoPucki *Strategies for Creditors* 20; Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 4, 70.

102 Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy* 552 wys daarop dat die aansoeker slegs hoef te bewys dat die skuldenaar nie sy skuld betaal soos dit verskuldig raak nie of dat 'n "custodian" reeds oor sy boedel aangestel is.

103 Sien para 3.2 hierbo vir die effek van 'n reorganisasie.

104 Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 68-70.

105 Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy* 21; Williamson *Small Business Reorganization* 209.

106 11 USC § 1121 gee 'n tydperk van 120 dae. As dit nie suksesvol is nie, kan die skuldeisers 'n kompeterende plan voorstel (Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy* 22, 580).

107 Net soos by akkoord in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg (sien a 119 van die *Insolvensiewet* 24 van 1936) is die stemming taamlik ingewikkeld, met verwysing na wie en hoe gestem word en hoeveel meerderheid vereis word. Die aanvaarde ooreenkoms bind alle skuldeisers, hoewel daar 'n sekere prosedure betrokke is mvn sekere groepe skuldeisers. Sien Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy* 632 ev.

reorganisasie liasseer.[108] Die prosedure vir ŉ verpligte *Chapter* 11-aansoek is dieselfde as vir ŉ *Chapter* 7-aansoek.[109]

ŉ Uitstaande kenmerk van hierdie tipe sekwestrasie-aansoek, is die "debtor in possession"-aspek.[110] Hierdie skuldenaar bly in besit en in beheer van sy bates.[111] Die DIP het al die regte, bevoegdhede, magte en pligte van ŉ kurator in *Chapter* 7, behalwe die reg op vergoeding en die reg om die sake van die skuldenaar te ondersoek.[112] Hy moet sy eie vernietigbare en onbehoorlike voorkeure tersyde stel en sy eie onuitgevoerde kontrakte verwerp.[113] Hy is die gemagtige verteenwoordiger van die boedel.[114] Daarom is dit moontlik vir ŉ besigheid wat ŉ *Chapter* 11-aansoek bring om so te sê normaal te funksioneer as ŉ DIP.

### *3.4 Chapter 13*[115]

Slegs individue kan ŉ *Chapter* 13 liasseer[116] en hierdie optrede staan in die algemene spreektaal bekend as die rehabilitasieprosedure of die "salaristrekker reorganisasie".[117] Ook in hierdie geval is die DIP in beheer van sy bates en boedel.[118]

108 11 USC § 303(a); Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 77; Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 8-10.

109 Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 8-10. Waar die skuldeisers die aansoek rig, stel hulle uit die aard van die saak die betalingsplan voor.

110 Hierna DIP. Sien verder Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy* 567; Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 77.

111 Tensy en totdat die hof die aanstelling van ŉ kurator beveel. By Ch 11 gebruik die "interested party" § 1104 om 'n voorlopige kurator te laat aanstel (Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual* 1415). Of die skuldenaar kan die aansoek na ŉ *Chapter* 7 sekwestrasie omskep (LoPucki *Strategies for Creditors* 21; Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 165).

112 Sien 11 USC § 1107(a); Scarberry ea *Business Reorganization in Bankruptcy* 14, 21, 28, 84.

113 Williamson *Small Business Reorganization* 92.

114 Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 8-11.

115 Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 172; Drake and Strickland *Chapter 11 Reorganizations* 54.

116 Drake and Strickland *Chapter 11 Reorganizations* 55; Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 17. Ventura *Bankruptcy Handbook* 112 meld dat besighede wat as eenmansake bedryf word en in besigheid wil bly, ook 'n *Chapter 13* kan liasseer.

117 Drake and Strickland *Chapter 11 Reorganizations* 55. In hierdie geval is ŉ kurator in plek, maar hy is bloot ŉ "staande" kurator en nie ŉ likwiderende kurator nie (Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 72). Hy dien bloot as 'n uitbetalingsagent en raadgewer van die hof (Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 71). Sien ook LoPucki *Strategies for Creditors* 21.

118 Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy* 70-71; LoPucki *Strategies for Creditors* 21.

As die individu nie 'n *Chapter* 7 kan liasseer nie,[119] is hierdie weg vir hom oop. Die skuldenaar moet 'n vaste en gereelde inkomste uit een of meer bronne hê, sodat hy 'n reorganisasieplan aan sy skuldeisers kan voorstel.

Die reorganisasieplan gee aan die skuldenaar 'n omvattende geleentheid om die onversekerde skuldeisers te betaal.[120] Hy bied hulle 'n betalingsplan aan. Hy moet gereelde betalings maak wat tussen 3-5 jaar neem, waarvolgens (gewoonlik) slegs 'n gedeelte van die volle bedrag betaal sal word.[121] Die skuldenaar betaal dus net terug wat hy kan bekostig om te betaal, maar moet al sy inkomste vir 'n periode van 3-5 jaar aanbied (behalwe wat nodig is om hom en sy gesin te onderhou).[122] Die kurator verdeel die geld volgens die bepalings van die reorganisasieplan en maak seker dat die skuldenaar gedurende hierdie 3-5 jaar wat die skuldenaar in sekwestrasie is, daaraan voldoen. Die skuldenaar behou in hierdie geval die meeste van sy bates, indien nie alles nie.[123]

### ***3.5 Die effek van die liassering van 'n sekwestrasie-aansoek op beroepbeoefening***

Uit die uiteensetting hierbo is dit heel duidelik dat die ingesteldheid teenoor 'n skuldenaar wat insolvent is, in Suid-Afrika grootliks verskil van die ingesteldheid teenoor sodanige persone in die VSA. Die volgende vraag is vervolgens wat die effek van hierdie Amerikaanse benadering is op die bevoegdheid van 'n persoon onder sekwestrasie om in die Amerikaanse Kongres te dien?

In die Amerikaanse federale reg word 'n skuldenaar se reg om vir sekwestrasie aansoek te doen baie streng beskerm in die sin dat 'n skuldenaar nie uit sy werk of pos ontslaan kan word bloot omdat hy aansoek doen vir die sekwestrasie van sy boedel nie.[124] Die federale insolvensiereg bepaal dat daar nie teen 'n persoon

---

119 Agv die "means test" (Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 117) wat impliseer dat hy te veel bates of inkomste het om 'n *Chapter 7* sekwestrasie aanhangig te maak.

120 Drake and Strickland *Chapter 11 Reorganizations* 55.

121 LoPucki *Strategies for Creditors* 22. Soms word wel die volle skuld aangebied.

122 LoPucki *Strategies for Creditors* 22.

123 Ventura *Bankruptcy Handbook* 116, 137-138.

124 ABA *Guide to Credit and Bankruptcy* 220. Die algemene reël in die Suid-Afrikaanse reg is dieselfde. Sien bv Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency* 242.

gediskrimineer kan word omdat hy 'n aansoek vir sekwestrasie geliasseer het nie, of dat so 'n aansoek teen hom geliasseer is nie.[125] Die uitgangspunt is dat eerlike mense ook foute met hulle finansiële sake kan begaan of bloot dat slegte geluk hulle tref. Diesulkes behoort vergewe te word en moet nog 'n kans gegun word.[126] Volgens Ventura het die meerderheid mense wat vir sekwestrasie aansoek doen, nie in skuld gedompel geraak bloot omdat hulle geld roekeloos bestee het nie. Hy meen dat hulle eerder 'n ernstige terugslag in die lewe gehad het; maande, selfs jare geneem het om te betaal wat hulle skuld en eers 'n aansoek vir sekwestrasie geliasseer het nadat hulle geen ander opsies meer gehad het nie en skielik met die verlies van hul huis of motor of die beslaglegging op hul salarisse gekonfronteer is.[127] Die redes hiervoor is volgens hom werksverlies, mediese rekenings, egskeiding en dan ook skuld aan die kant van skuldeisers – skuldeisers maak dit baie eenvoudig en maklik om krediet te verkry, is nie altyd 100% duidelik oor die terme van die krediet nie en maak groot wins deur hoë fooie en rente te vra.[128]

Van belang ten opsigte van beroepsbeoefening is veral 11 USC § 525 wat ingestel is met die doel om die staat en privaat werkgewers te verhoed om te diskrimineer.

### *3.5.1 Bepalings van toepassing op die staat as werkgewer*

Kragtens 11 USC § 525(a) word alle federale, staatlike en plaaslike regeringsinstellings verhoed om te diskrimineer bloot omdat 'n aansoek vir sekwestrasie geliasseer is.[129] Kragtens hierdie bepaling van die *Bankruptcy Code*, kan die staat onder andere nie

- die skuldenaar 'n werk *weier of afdank* nie;
- weier om die skuldenaar se dranklisensie te hernu of 'n kontrak (soos vir 'n konstruksieprojek) te weier nie.[130]

---

125 Elias, Michon en Dzikowski *Chapter 13 Bankruptcy* 181, 228-229; Ventura *Bankruptcy Handbook* 96.
126 Ventura *Bankruptcy Handbook* 101.
127 Ventura *Bankruptcy Handbook* 104.
128 Ventura *Bankruptcy Handbook* 106. Sien ook Efra 2006 *EBDJ* 484.
129 Dit sluit in die weiering, intrekking, opskorting of weiering om die volgende te hernu: 'n lisensie, permit, kontrak, franchise, en ander soortgelyke toekennings.
130 Elias, Michon en Dzikowski *Chapter 13 Bankruptcy* 229; Elias *The New Bankruptcy: Will it work for You?* 8/4.

Die kardinale woord hier is "alleen" ("solely"). Slegs as die liassering van die aansoek vir sekwestrasie die alleen-oorsaak vir die weiering of afdanking is, word dit verbied; word dit as diskriminasie beskou[131] As daar ander geldige redes is om sulke stappe te doen, byvoorbeeld 'n swak bywoningsrekord, sal hierdie bepalings die skuldenaar nie help nie.[132] Elias, Renauer en Leonard noem voorbeelde soos onnetheid, onbevoegdheid of oneerlikheid.[133]

### *3.5.2 Bepalings van toepassing op private werkgewers*

Geen openbare werkgewer mag 'n skuldenaar se sekwestrasie in aanmerking neem wanneer dit moet besluit om 'n persoon *in diens te neem* nie. Daar is egter geen ooreenstemmende bepaling ten opsigte van private werkgewers nie. 11 USC § 525(b) bepaal die regsposisie in die geval van private werkgewers en gebruik die woorde "may (not) terminate the employment of, or discriminate with respect to employment …". Hierdie bepaling is daarom, ten opsigte van 'n private werkgewer, meer beperk as 11 USC § 525(a). 11 USC § 525(b) verbied 'n private werkgewer uitdruklik (en slegs) om huidige werknemers weens die aansoek vir sekwestrasie *af te dank*.[134]

---

131 Elias, Michon en Dzikowski *Chapter 13 Bankruptcy* 229; Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 5-55; Warren *Bankruptcy* 169-170; Elias, Renauer en Leonard *How to File for Chapter 7 Bankruptcy* 281-282; Elias en Bayer *New Bankruptcy* 8/3.

132 Waarskynlik sal dit dan 'n geldige rede wees as die afdanking of diensbeëindiging te wyte is aan die feit dat die betrokke werknemer se maatskappy sy besigheid afskaal of sy arbeidsmag verminder op 'n andersins regsgeldige wyse. As daar 'n ander rede vir die staat was behalwe die feit dat die skuldenaar 'n "discharge" verleen is, wat die onmiddellike oorsaak ("proximate cause") van die afdanking is, is dit toelaatbaar (Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 522-526). Ferriell en Janger bespreek hierdie aspek as 'n effek van die vrystelling ("discharge") na sekwestrasie afgehandel is. Die betrokke bepaling gebruik egter woorde tot die effek dat dit nie net na 'n vrystelling geld nie, maar selfs wanneer die skuldenaar nog net onder sekwestrasie is.

133 Elias, Renauer en Leonard *How to File for Chapter 7 Bankruptcy* 281-282; Elias en Bayer *New Bankruptcy* 8/3.

134 Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 527; Warren *Bankruptcy* 169-170. Sien *In re Laracuente* 891 F 2d 17 (1st Cir 1989) waar die hof § 525(b) eng geïnterpreteer het en bevind het dat daar diskriminasie is as die werknemers se afdanking die gevolg was van die liassering van die aansoek vir sekwestrasie *alleen*. Die hof het op die verskil in bewoording tussen § 525(a) en § 525(b) gewys. Lg bevat nie uitdruklike woorde wat 'n private werkgewer verbied om iemand nie in diens te neem gebaseer op sy sekwestrasie nie. Sien ook *Myers v TooJay's Management Corp* 640 F 3d 1278 (11th Cir 2011) waarin gesê word: "Interpreting 'discriminate with respect to employment' to include hiring decisions would make the phrase 'deny employment' in § 525(a) (and absent from § 525(b)) superfluous. Accordingly, private employers are still permitted, under § 525(b), to deny employment to an applicant based on that applicant's prior bankruptcy filing." Sien ook die bespreking in Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 5-56.1.

Wat "discriminate with respect to employment …" betref, mag geen werkgewer ook teen so ŉ werknemer diskrimineer ten opsigte van enige ander terme en voorwaardes nie, byvoorbeeld deur sy salaris te verminder, die werknemer te demoveer of verantwoordelikhede weg te neem nie.[135] Waarskynlik sal die betrokke werknemer dan ook ŉ saak hê as hy "in die tou gestaan het" vir bevordering en dit geweier word net omdat hy ŉ aansoek vir sekwestrasie geliasseer het.

Die interessante hier is dat die meeste howe[136] reeds bevind het dat private werkgewers nie verbied is om iemand in diens te neem as gevolg van die aansoek vir sekwestrasie of ŉ vorige sekwestrasie nie.[137] Selfs as ŉ private werkgewer weier om iemand in diens te neem as gevolg van sy swak kredietgeskiedenis – nie as gevolg van sy sekwestrasie nie – mag so ŉ persoon nie werklik ŉ beroep op die artikel van die wet hê nie.[138]

### *3.5.3 Ander aspekte ten opsigte van beroepbeoefening*

Wat beroepbeoefening betref, kom daar verdere interessante inligting ten opsigte van die toepassing van hierdie beginsels in die Amerikaanse reg voor. Daar word erken dat amptenare wat in die posisie/amp van wetstoepassing is dikwels toegang het tot sensitiewe materiaal, soos dwelms of wapens wat onder die tafel verkoop kan word, of kontant waarop beslag gelê word as bewyse. Die liassering van ŉ sekwestrasie-aansoek kan in sulke gevalle inderdaad ŉ persoon se kanse beperk om ŉ werk wat hierdie soort toegang het, te kry of dit te behou.[139] Werk wat sekuriteitsklaring vereis, sluit omtrent altyd ŉ kredietkontrole in. Dit sluit dan baie regeringswerk, militêre posisies, FBI- en CIA-werk en regeringskontrakte in. Finansiële probleme brandmerk die persoon as ŉ risiko vir afpersing of om geheime te verkoop as ŉ wyse om uit so

135 Sien ook Elias en Bayer *New Bankruptcy* 8/4; Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 5-56.1.
136 Sien bv *Burnett v Stewart Title Inc (In re Burnett)* 635 F 3d 169 (5th Cir 2011).
137 Sien bv *Rea v Federated Inventors* 627 F 3d 937 (3d Cir 2010). Hierdie uitspraak het dieselfde strekking as die *Myers v TooJay's*-saak hierbo. Kyk ook Warren *Bankruptcy* 171; Elias, Michon en Dzikowski *Chapter 13 Bankruptcy* 229; Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice* 5-56.1; Howard *Bankruptcy* 731-732.
138 Elias, Renauer en Leonard *How to File for Chapter 7 Bankruptcy* 282.
139 Munroe Date Unknown http://work.chron.com/kind-professional-jobs-affected-bankruptcy-16232.html.

ʼn persoon se finansiële verknorsing te kom. ʼn Aansoek vir sekwestrasie sal nie noodwendig diensbeëindiging beteken as jy reeds in diens is met sekerheidsklaring nie, maar jou toegang tot sensitiewe inligting kan getermineer word. Dit kan natuurlik lei tot die beperking van werksverantwoordelikhede en betaling.[140] Ventura erken dat dit tog moeilik is vir ʼn skuldenaar om ʼn werk te kry as die werk die hantering van geld, die bestuur van ʼn werkgewer se finansies, ensovoorts is.[141] Ook Elias en Bayer wys daarop dat sommige mense ervaar dat om ʼn sekwestrasie êrens in hulle verlede te hê, dit terugkeer om by hulle te spook, veral as hulle aansoek doen vir werk wat met geld te make het, soos boekhouding, rekeningkunde, betaalstate en ander finansiële aspekte.[142]

### *3.6 Opsommend*

Ferriell en Janger verklaar dat die "fresh start to honest but unfortunate debtors" die kern van die moderne insolvensiereg uitmaak.[143] Die ingesteldheid in die Amerikaanse insolvensiereg is duidelik dat die liassering van ʼn verpligte sekwestrasie-aansoek kragtens *Chapters* 7 en 11 vernietigende gevolge vir ʼn skuldenaar en dié se besigheid kan hê. Gevolglik sluit § 303 verskeie beskermingmaatreëls in om die skuldenaar gedurende die tydperk van die aansoek en die beslissing van die hof te help[144] sodat

140 Munroe Date Unknown http://work.chron.com/kind-professional-jobs-affected-bankruptcy-16232.html.
141 Ventura *Bankruptcy Handbook* 95.
142 Elias en Bayer *New Bankruptcy* 8/4. "While employers need your permission to run a credit check, employers can also refuse to hire you if you don't consent" (Elias en Bayer *New Bankruptcy* 8/5). Dit is maw toelaatbaar in die Amerikaanse reg om slegte krediet wat gewoonlik ʼn sekwestrasie-aansoek voorafgaan, te oorweeg. Maatskappye doen dit gewoonlik wanneer ʼn posisie finansies, boekhouding, kontant of waardevolle voorraad betrek en wanneer ʼn posisie ʼn sekuriteitsklaring vereis. Die *US Equal Employment Opportunity Commission* (EEOC) hou egter toesig dat onnodige kredietkontrole nie oneweredige gevolge het nie.
143 Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 2. Hulle voeg nietemin ook by: "However, the fresh start is only available to the 'honest but unfortunate debtor'. This limitation reflects a moralistic strain in fresh start analysis that cannot be ignored. It is embodied in many existing provisions in the Bankruptcy Code. For example, a debtor who has engaged in dishonest conduct, such as hiding assets, or lying to the court or creditors, may be denied a discharge (§ 727(a)). Similarly, certain debts that were incurred dishonesty may not be discharged (§ 523(a)(2))."
144 Whaley en Morris *Debtor and Creditor Law* 47.

die ontwrigtende impak van die verpligte aansoek op die skuldenaar se besigheid en finansiële sake beperk word.[145] Howard[146] stel dit so:

> The goal of providing a fresh start in economic sense for honest but unfortunate debtors has become entrenched in the American law. Several sections of the BC implement this fundamental policy. …. This fresh start allows hopelessly insolvent individuals to get out from under the weight of their debts and resume productive lives as contributing members of society. The debtor would have less incentive to work if his creditors could reap the fruits of his labors. The discharge provides a sort of social safety net, helping to avoid the creation of a perpetual debtor underclass.

In 'n *Chapter* 7-prosedure is die kurator in die reël nie betrokke by 'n langtermyn beheer en bestuur van die bates of besigheid van die skuldenaar nie. Die doel daarvan is om die boedel so gou as moontlik te likwideer. In 'n *Chapter* 11-prosedure is die situasie weliswaar dikwels so dat die besigheid winsgewend kan word as dit net ontslae kan raak van onproduktiewe bates of as dit kontrakte en skuldverpligtinge wat beswarend is, kan heronderhandel.[147] Derhalwe gebruik besighede 'n *Chapter* 11 om die oproep of intrekking van 'n verband te stop, om skuld te heronderhandel en om 'n beswarende huurkontrak te beëindig. Sodra die plan bekragtig word, vestig al die skuldenaar se bates weer in hom. 'n *Chapter* 13 laat die skuldenaar toe om, terwyl hy sy bates behou, al sy agterstallige skuld oor 'n langer tydperk te betaal deur gebruik te maak van 'n plan wat deur die hof goedgekeur is, en onder toesig van die hof deur die kurator afgedwing word. Nie alle skuldeisers hoef ten volle betaal te word nie en die onbetaalde bedrae word vrygestel ("discharged").

Nêrens in die Amerikaanse Grondwet kom enige bepaling voor wat iemand diskwalifiseer op grond van sy insolvensie nie. Artikels 2 en 3 van die *Constitution of the United States of America* bepaal die kwalifikasies van 'n lid van die Huis van Verteenwoordigers en 'n senator as lid van die Senaat respektiewelik. Vir 'n lid van die

---

145 § 303(f) laat die skuldenaar toe om aan te gaan met sy besigheid. Hy kan voortgaan om sy finansiële sake te bestuur (Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual* 1411). Die eise wat ontstaan het in die "gap period" (tussen die aansoek vir verpligte sekwestrasie en die sekwestrasiebevel) geniet spesiale prioriteit ingevolge § 507(a)(2) van die *BC* (Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 195; Williamson *Small Business Reorganization* 213). § 549(c) beskerm die na-petisie oordragte teen tersydestellings deur die kurator (Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 193-194).

146 Howard *Bankruptcy* 17. Sien ook Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 1.

147 Sien in die algemeen LoPucki *Strategies for Creditors* 21; Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 122, 166.

*House of Representatives* is daar slegs drie kwalifikasies, naamlik (1) hy/sy moet ten minste 25 jaar oud wees, (2) moet vir ten minste 7 jaar ′n burger van die VSA wees, en (3) moet in die staat woon waarvoor hy/sy gekies is. In Klousule 3 van artikel 3 word ook slegs drie kwalifikasies vir ′n senator gestel, naamlik (1) hy/sy moet ouer as 30 jaar wees, (2) moet vir ten minste 9 jaar ′n burger van die VSA wees, en (3) moet in die staat woon waarvoor hy/sy gekies is. Pogings in die Kongres om vereistes by te voeg is al deur die Kongres en die howe verwerp. Artikel 6 van die *Constitution of the United States of America* bepaal verder dat 'n persoon wat ten tye van sy verkiesing vir die Kongres enige ander amp in/vir die VSA beklee, gediskwalifiseer is. Daarbenewens sal enige persoon wat ′n eed geneem het om die VSA te ondersteun en in ′n rebellie teen die VSA betrokke raak, gediskwalifiseer is. Dit is die enigste kwalifikasies en diskwalifikasies in die Amerikaanse Grondwet.[148]

## 4 Verenigde Koninkryk[149]

Met die benadering in Suid-Afrika ten opsigte van die insolvent aan die vér een kant en die benadering in die VSA aan die vér ander kant, is die posisie in die Verenigde Koninkryk noemenswaardig as ′n (na my mening) goeie middeweg.[150] Met die inleiding van *Bankruptcy Restriction Orders* (BROs) deur die *Enterprise Act* van 2002, word ′n hele aantal beroepe deur sekwestrasie geraak. Sommige van die beperkings op die beoefening van beroepe vind toepassing ten opsigte van ′n ongerehabiliteerde insolvent terwyl ander slegs toepassing vind ten opsigte van daardie individue wat aan

148 Efra 2006 *EBDJ* 481-519. Sien ook die baie ou artikel van Momsem 1928 *The Notre Dame Lawyer* 3.

149 Daar bestaan verskillende standpunte oor die vraag of iemand wie se boedel gesekwestreer is, as bevoeg beskou moet word om lid van die land se parlement te wees. In Kanada bepaal artikel 31 van Hoofstuk IV van die Kanadese Grondwet, *The Constitution Act*, 1867, die diskwalifikasie van 'n senator: "The Place of a Senator shall become vacant in any of the following Cases: ... (3) If he is adjudged Bankrupt or Insolvent, or applies for the Benefit of any Law relating to Insolvent Debtors, or becomes a public Defaulter: ..." Artikel 44 van die Australiese Grondwet (*Commonwealth of Australië Constitution Act,* 1900 (Imp) Klousule 9 Hoofstuk 1 Deel IV Artikel 44) beskryf die diskwalifikasies van ′n lid van die Parlement vir albei Huise. Een van hierdie vyf kategorieë is ′n ongerehabiliteerde insolvent. Die *locus classicus* hier is *Nile v Wood* (1988) 167 CLR 133; 76 ALR 91. Sien ook *Sykes v Australian Electirial Commission* (1993) 115 ALR 645; 67 ALJR 714. Sodra die hof ′n persoon insolvent verklaar het en daardie persoon nog nie van die insolvensie vrygestel (gerehabiliteer) is nie, is hy/sy gediskwalifiseer (Lumb *Constitution of the Commonwealth of Australia* 98).

150 Sien die bespreking in Tribe 2014 *King's Law Journal* 79-101.

ʼn beperkingsbevel onderworpe is.[151] Die kruks is egter dat daar werk of beroepe is wat ʼn ongerehabiliteerde insolvent inderdaad nie sal kan doen nie. Baie kortliks sluit dit die volgende in: prokureur, prinsipaal of lid van beheerliggaam van ʼn skool of opvoedkundige inrigting, insolvensiepraktisyn, direkteur van ʼn maatskappy, enige werk wat deur die *Financial Services Authority* (FSA) gereguleer word, vrederegter, ʼn eiendomsagent, ʼn trustee van ʼn liefdadigheidstrust, plaaslike of nasionale regering, byvoorbeeld ʼn raadslid of Lid van die Parlement (MP).

Ten opsigte van laasgenoemde kategorie diskwalifiseer artikel 427(1) *Insolvency Act,* 1986 ʼn individu wat aan ʼn sekwestrasiebevel wat in Engeland, Wallis of Noord-Ierland onderworpe is of wie se boedel onderworpe is aan sekwestrasie in Skotland, om te dien of te stem in die *House of Lords*, om gekies te word, te dien of te stem in die *House of Commons*, om te dien of te stem in ʼn komitee in enige van die Huise. Artikel 426A[152] beperk egter hierdie diskwalifikasie tot slegs daardie lede van die parlement ten opsigte van wie ʼn BRO gemaak is. Hulle word nie as lid van die *House of Commons* of as lid van die *House of Lords* toegelaat nie *vir die duur van die BRO* en moet onmiddellik die setel ontruim. Diegene mag ook nie op ʼn komitee van die *House of Lords* dien nie, of stem in so ʼn komitee of in ʼn gesamentlike komitee van beide Huise nie. Die MP wie se boedel ook gesekwestreer is, is nie outomaties gediskwalifiseer nie, terwyl die persoon wat aan ʼn BRO of selfs ʼn *interim*-BRO onderworpe is, *wel gediskwalifiseer is as gevolg van die element van skuld.*[153] Hierdie bepalings geld ook vir lede van die Skotse Parlement, die Noord-Ierland Parlement en die Nasionale Vergadering van Wallis.[154] Al hierdie vind toepassing ongeag parlementêre privilegie:

> This new provision introduced the parliamentary prohibition on sitting but only when a BRO was also made in addition to the bankruptcy order. A parliamentarian can now therefore only be excluded from sitting in Parliament if they are subject to a BRO, a Bankruptcy Restrictions Undertaking (BRU) or a Debt Relief Restriction Order (DRRO). Being a mere bankrupt is now insufficient.[155]

---

151 Sien die *Enterprise Act,* 2002 ("Disqualification from Office: General Order 2004"). Sien ook PayPlan Date Unknown https://www.payplan.com/debt_questions/debt_forum/viewtopic.php?f=6&t=1693.

152 Artikel 426A van die *Insolvency Act,* 1986, soos gewysig deur die *Enterprise Act,* 2002.

153 Insolvency Service 2014 https://www.gov.uk/government/publications/bankruptcy-additional-effects-of-a-bankruptcy-restrictions-order-or-undertaking.

154 Artikel 426B van die *Insolvency Act*, 1986 soos gewysig deur die *Enterprise Act,* 2002.

155 Tribe 2014 *King's Law Journal* 80.

Opsommend kan gestel word dat die *Enterprise Act* van 2002 in Engeland die element van skuldkwytskelding ná sekwestrasies ("discharge") – en bygevolg ook die rehabilitasie-oogmerk – in ŉ groot mate "geliberaliseer" het. Die stelsel van *Bankruptcy Restriction Orders* (BRO) is ingestel om tog sommige van die ernstige "sanksies" wat met sekwestrasie gepaard gaan, te behou. Dit word as ŉ "balancing safeguard" beskou waar beperkings gestel word ten opsigte van die na-rehabilitasie fase, maar uitsluitlik gerig op skuldige en oneerlike skuldenare. Daarom vervul BROs ŉ uiters belangrike funksie in die nuwe *Enterprise Act*, 2002 hervormings ten opsigte van skuldvrystelling of discharge en openbare onbevoeghede of diskwalifikasies.

## 5 Konklusie

Daar kan geargumenteer word dat ŉ gesekwestreerde persoon, veral ŉ oneerlike een, ŉ bedreiging vir die publiek is. Daar kan geargumenteer word dat ŉ lid van die parlement in die mees prominente posisie sit vanwaar hierdie bedreiging uitgeoefen kan word. Daarom is oor die jare heen gereken dat die diskwalifikasie van sitting in die parlement vir persone wat onder sekwestrasie is, noodsaaklik was om die waardigheid en onafhanklikheid van die parlement te bewaar. Die huidige internasionale klimaat rakende ekonomiese vooruitgang en die insolvensiereg noop ŉ mens om te vra waarvoor die Suid-Afrikaanse insolvensiereg staan en wat dit probeer bereik. Wanneer die reg van ander jurisdiksies soos die VSA en die VK bestudeer word, is daar ŉ rigting te bespeur dat die outomatiese diskwalifikasie van parlementariërs as ŉ oogmerk van die insolvensiereg die afgelope aantal jare nie bestaan nie (VSA) of grootliks gekrimp het (VK).

Die retoriek wat tans insolvensiereghervorming omgewe, hou verband met 'n spoedige rehabilitasie en ŉ "nuut begin". Hierdie benadering, soos hierbo gesien kon word, erken dat ŉ sekwestrasie kan plaasvind sonder enige fout van die skuldenaar. As dit so is, is die vraag: Is dit dan nog geregverdig om te volhard in die historiese benadering tot sekwestrasies wat grootliks ontwikkel het uit ŉ motief van of behoefte aan bestrawwing van die skuldenaar? Is so ŉ houding houdbaar? Is dit sinvol om te bly vasklou aan die uitgangspunt dat parlementariërs wie se boedels gesekwestreer is, outomaties gediskwalifiseer moet word omdat hulle op finansiële (ŉ ander) gebied

laat blyk het dat hulle ongesonde oordeel aan die dag gelê het? Kan geargumenteer word dat wetgewing (deur die parlement) nie oorgelaat moet word aan mense wat kwansuis nie geskik sou wees om dit te doen nie, omdat hulle op finansiële gebied ongesonde oordeel aan die dag gelê het?

Ek moet onmiddellik noem dat dit my standpunt is dat daar tog ook 'n mate van ʼn straf-element by sekwestrasies moet wees, net om te verseker dat bedrog en oneerlikheid gestraf word en voldoende respek en nakoming van kredietverpligtinge gehandhaaf word. Ek is van mening dat die Amerikaanse benadering té "gerieflik" is en dat daar baie nadele en probleme met so ʼn stelsel in die Suid-Afrikaanse konteks kan voorkom. Selfs in die VSA bestaan daar inisiatiewe om ʼn strenger houding ten opsigte van die skuldenaar in te neem, deur byvoorbeeld die *Bankruptcy Abuse Prevention and Consumer Protection Act* van 2005 (BAPCPA) wat "attempts to, among other things, make it more difficult for some consumers to file bankruptcy under Chapter 7. Some of these consumers may instead utilize Chapter 13". Daar is Amerikaanse skrywers wat erken[156] dat as skuldenare té toegeeflik behandel word, hulle baie makliker skuld kan aangaan en hul bates baie gemakliker kan verkwis in plaas daarvan om dit vir die betaling van hul skuldeisers te gebruik. Ander skrywers beklemtoon dat "the fresh start is only available to the honest but unfortunate debtor" en dat hierdie beperking ʼn "moralistic strain in fresh start analysis" weerspieël wat nie geïgnoreer kan word nie. ʼn Baie interessant ontwikkeling in die Amerikaanse insolvensiereg is dat onlangse wysigings aan die *Bankruptcy Code* die beskikbaarheid van ʼn "fresh start" beperk. Hierdie wysiging is gebaseer op die aanname dat baie skuldenare die stelsel oneerlik gebruik om die betaling van hul skulde te vermy, wat hulle inderdaad sou kon doen. Volgens Ferriell en Janger was die meeste van die groot wysigings aan die huidige *Bankruptcy Code*, sedert sy oorspronklike instelling in 1978, grootliks pro-skuldeiser. Alhoewel daar uitroepe was, in die nasleep van die finansiële krisis wat reeds in 2007 begin het, dat die Kongres die pendulum in die teenoorgestelde rigting moet swaai, het daar volgens hulle tot dusver nog niks van gekom nie.[157]

156 In vn 68 hierbo.
157 Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy* 3, 116.

Nietemin meen ek dat dit aanvaarbaar is om die stigma wat aan sekwestrasies kleef, te verminder. Dit is ook aanvaarbaar om die tydperk wanneer rehabilitasie en outomatiese rehabilitasie intree, te verminder tot wat nodig is om die administrasie van 'n insolvente boedel (insameling van bates en die verdeling van die opbrengs van daardie bates onder die skuldeisers) af te handel. Dit sal, en dit is my standpunt aangaande hierdie aangeleentheid, goed wees om dan die openbare diskwalifikasies slegs ten opsigte van *roekelose, oneerlike en leuenagtige skuldenare* op te lê deur iets soos die BRO-prosedure aan te wend na ŉ skuldvrystelling en rehabilitasie. Maar dan moet hierdie stelsel van BRO behoorlik werk en in Suid-Afrika bestaan daar tans nog nie so-iets nie. Hierdie geleentheid gaan ook misbruik word om die standpunt te stel dat die totstandbrenging van ŉ goeie, doeltreffende, behoorlike en betroubare sekwestrasieprosedure en -proses in Suid-Afrika, geskoei op die ingesteldheid van spoedige reorganisasie en rehabilitasie; besigheidsredding; betroubare en geloofwaardige "nuut begin" of "vars begin" van ŉ skuldenaar; net bereik kan word met die instel van afsonderlike insolvensiehowe met afsonderlike, amptelike kurators- of likwidateursrade wat daarin funksioneer.

## BIBLIOGRAFIE

### Literatuur

ABA *Guide to Credit and Bankruptcy*

American Bar Association *Guide to Credit and Bankruptcy* 2de uitg (Random House New York 2009)

Baird *Elements of Bankruptcy*

Baird DG *Elements of Bankruptcy* 6de uitg (Foundation Press St Paul 2014)

Blum *Bankruptcy and Debtor/Creditor*

Blum BA *Bankruptcy and Debtor/Creditor* 6de uitg (Wolters Kluwer New York 2014)

Drake and Strickland *Chapter 11 Reorganizations*

Drake WH en Strickland CS *Chapter 11 Reorganizations* 2e uitg (Thomson Reuters New York 2013-2014)

Efra 2006 *EBDJ*

Efra R "Bankruptcy Stigma: Plausible Causes for Shifting Norms" 2006 *EBDJ* 481-519

Elias en Bayer *New Bankruptcy*

Elias S en Bayer L *The New Bankruptcy: Will It Work for You?* (Nolo Berkeley CA 2013)

Elias, Michon en Dzikowski *Chapter 13 Bankruptcy*

Elias S, Michon K en Dzikowski P *Chapter 13 Bankruptcy: Keep Your Property and Repay Debts Over Time* 12de uitg (Nolo Berkeley CA 2014)

Elias, Renauer en Leonard *How to File for Chapter 7 Bankruptcy*

Elias S, Renauer A en Leonard R *How to File for Chapter 7 Bankruptcy* 7de uitg (Nolo Berkeley CA 1998)

Feeney, Williamson en Stephan *Bankruptcy Law Manual*

Feeney JF, Williamson MG en Stephan MJ *Bankruptcy Law Manual - Vol 2* 5de uitg (Thomson Reuters New York 2014)

Ferriell en Janger *Understanding Bankruptcy*

Ferriell JT en Janger EJ *Understanding Bankruptcy* 3de uitg (LexisNexis San Francisco 2013)

Gerber *Business Reorganizations*

Gerber MA *Business Reorganizations: Teacher's Manual* 3de uitg (LexisNexis New Providence 2015)

Howard *Bankruptcy*

Howard M *Bankruptcy: Cases and Materials* 5de uitg (Thomson St Paul MN 2012)

LoPucki *Strategies for Creditors*

LoPucki LM *Strategies for Creditors in Bankruptcy Procedings* 6de uitg (Wolters Kluwer New York 2015)

Lumb *Constitution of the Commonwealth of Australia*

Lumb RD *The Constitutions of the Australian States* 5de uitg (University of Queensland Press St Lucia 1991)

Mars, Bertelsmann en Nagel *Law of Insolvency*

Mars WH, Bertelsmann E en Nagel CJ *The Law of Insolvency in South Africa* 9de uitg (Juta Kaapstad 2008)

Meskin ea *Insolvency Law*

Meskin PM ea *Insolvency Law* (Butterworths Durban 1990)

Momsem 1928 *Notre Dame Lawyer*

Momsem R "The Right of the Senate to Exclude a Senator-Elect" 1928 *The Notre Dame Lawyer* 3-21

Murphy *Creditors' Rights in Bankruptcy*

Murphy PA *Creditors' Rights in Bankruptcy* 2de uitg (Thomson St Paul MN 2002)

Roe *Corporate Reorganization and Bankruptcy*

Roe MJ *Corporate Reorganization and Bankruptcy: Legal and Financial Materials* (Foundation Press New York 2000)

Salerno en Kroop *Bankruptcy Litigation and Practice*

Salerno TJ en Kroop JA *Bankruptcy Litigation and Practice: A Practitioner's Guide* 4de uitg (Wolters Kluwer New York (Byhouersdiens 2014))

Scarberry ea *Business Reorganization in Bankruptcy*

Scarberry MS ea *Business Reorganization in Bankruptcy: Cases and Materials* 4de uitg (Thomson St Paul MN 2012)

Sharrock ea *Insolvensiereg*

Sharrock R ea *Hockly se Insolvensiereg* 4de uitg (Juta Kaapstad 2012)

Smith *Law of Insolvency*

Smith C *The Law of Insolvency* 3de uitg (Butterworths Durban 1991)

Steinfeld and Steinfeld *Family Lawyer's Guide to Bankruptcy*

Steinfeld SM and Steinfeld BR *The Family Lawyers Guide to Bankruptcy: Forms, Tips, and Strategies* (ABA Chicago 2008)

Tabb en Brubaker *Bankruptcy Law*

Tabb CJ en Brubaker R *Bankruptcy Law: Principles, Policies, and Practice* 3de uitg (LexisNexis San Francisco 2010)

Tribe 2014 *King's Law Journal*

Tribe J "Parliamentarians and Bankruptcy: The Disqualification of MPs and Peers from Sitting in the Palace of Westminster" 2014 *King's Law Journal* 79-101

Ventura *Bankruptcy Handbook*

Ventura J *The Bankruptcy Handbook* (Kaplan New York 2008)

Warren *Bankruptcy*

Warren WD, Bussel DJ en Skeel DA *Bankruptcy* 9de uitg (Foundation Press New York 2012)

Whaley en Morris *Debtor and Creditor Law*

Whaley DJ en Morris JW *Problems and Materials on Debtor and Creditor Law* 5de uitg (Kluwer New York 2013)

Williamson *Small Business Reorganization*

Williamson JH *The Attorney's Handbook on Small Business Reorganization under Chapter 11* 6de uitg (Argyle Colorado 2006)

**Regspraak**

***Australië***

*Nile v Wood* (1988) 167 CLR 133; 76 ALR 91

*Sykes v Australian Electirial Commission* (1993) 115 ALR 645; 67 ALJR 714

***South Africa***

*Commissioner, South African Revenue Services v Hawker Air Services (Pty) Ltd, Commissioner, South African Revenue Services v Hawker Aviation Services Partnership* 2006 4 SA 292 (HHA)

*Escom v Rademeyer* 1985 2 SA 654 (T)

*Kalil v Decotex (Pty) Ltd* 1988 1 SA 943 (A)

*Laeveldse Koöperasie Bpk v Joubert* 1980 3 SA 1117 (T)

*Naidoo v Matlala* 2012 1 SA 783 (GNP)

*Sanddune CC v Catt* 1998 2 SA 461 (SOK)

*Santino Publishers CC v Waylite Marketing CC* 2010 2 SA 53 (GS)

*Paizes v Phitides* 1940 WLD 189

*Reliance Agencies (Pty) Ltd v Patel* 1946 CPD 463

*Standard Bank of SA Ltd v Sewpersadh* 2005 4 SA 148 (K)

*Storti v Nugent* 2001 3 SA 783 (W)

*Zadi v Body Corporate of Outeniqua* 2011 JOL 27756 (GN)

***Verenigde State van Amerika***

*Burnett v Stewart Title Inc (In re Burnett)* 635 F 3d 169 (5th Cir 2011)

*In re Laracuente* 891 F 2d 17 (1st Cir 1989)

*Local Loan Co v Hunt* 292 US 234 (1934)

*Myers v TooJay's Management Corp* 640 F 3d 1278 (11th Cir 2011)

*Rea v Federated Inventors* 627 F 3d 937 (3d Cir 2010)

**Wetgewing**

***Australië***

*Commonwealth of Australië Constitution Act,* 1900 (Australiese Grondwet)

***Brittanje***

*Bankruptcy Act*, 1986

*Enterprise Act*, 2002

*Insolvency Act,* 1986 (Engeland, Wallis, Noord Ierland)

***Kanada***

*The Constitution Act*, 1867

***Suid-Afrika***

*Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika*, 1996

*Inkomstebelastingwet* 58 van 1962

*Insolvensiewet* 24 van 1936

*Wet op die Belasting op Toegevoegde Waarde* 98 van 1991

***Verenigde State van Amerika***

*Bankruptcy Abuse Prevention and Consumer Protection Act*, 2005

*Constitution of the United States of America*, (Amerikaanse Grondwet; USC)

**Staatspublikasies**

GN R48 in GG 999 van 12 Januarie 1965 (*Uniforme Hofreëls*)

**Internet bronne**

ANA 2015 http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/sa-nuus/malema-sekwestrasie-said-se-waarom-hy-bevel-terugtrek/
African News Agency 2015 *Malema-sekwestrasie: SAID Sê Waarom Hy Bevel Terugtrek* http://maroelamedia.co.za/blog/nuus/sa-nuus/malema-sekwestrasie-said-se-waarom-hy-bevel-terugtrek/ besoek 3 Junie 2015

City Press 2014 http://www.citypress.co.za/news/malemas-sequestration-order-extended-2015/
City Press 2014 *Sequestration Order against Malema Extended to 2015* http://www.citypress.co.za/news/malemas-sequestration-order-extended-2015/ besoek 28 Maart 2015

City Press 2014 http://www.citypress.co.za/politics/paybackthemoney-settling-julius-malemas-taxes/
City Press 2014 *Who is Settling Julius Malema's Taxes?* http://www.citypress.co.za/politics/paybackthemoney-settling-julius-malemas-taxes/ besoek 28 Maart 2015

City Press 2014 http://www.news24.com/Archives/City-Press/Julius-Malema-reaches-agreement-with-Sars-20150429
City Press 2014 *Julius Malema Reaches Agreement with Sars* http://www.news24.com/Archives/City-Press/Julius-Malema-reaches-agreement-with-Sars-20150429 besoek 28 Maart 2015

City Press 2015 http://www.news24.com/Archives/City-Press/Sars-prolonging-Malema-tax-issue-for-political-reasons-lawyer-20150429
City Press 2015 *Sars Prolonging Malema Tax Issue for Political Reasons – Lawyer* http://www.news24.com/Archives/City-Press/Sars-prolonging-Malema-tax-issue-for-political-reasons-lawyer-20150429 besoek 28 Maart 2015

Insolvency Service 2014 https://www.gov.uk/government/publications/bankruptcy-additional-effects-of-a-bankruptcy-restrictions-order-or-undertaking

Insolvency Service 2014 *Bankruptcy: Additional Effects of a Bankruptcy Restrictions Order or Undertaking* https://www.gov.uk/government/publications/bankruptcy-additional-effects-of-a-bankruptcy-restrictions-order-or-undertaking besoek 2 April 2015

Munroe Date Unknown http://work.chron.com/kind-professional-jobs-affected-bankruptcy-16232.html

Munroe S Date Unknown *What Kind of Professional Jobs Are Affected by Bankruptcy?* http://work.chron.com/kind-professional-jobs-affected-bankruptcy-16232.html besoek 2 April 2015

PayPlan Date Unknown https://www.payplan.com/debt_questions/debt_forum/viewtopic.php?f=6&t=1693

PayPlan Date Unknown *Ask the Expert* https://www.payplan.com/debt_questions/debt_forum/viewtopic.php?f=6&t=1693 besoek 2 April 2015

**LYS VAN AFKORTINGS**

| | |
|---|---|
| ABA | American Bar Association |
| ANA | African News Agency |
| BAPCPA | Bankruptcy Abuse Prevention and Consumer Protection Act |
| BC | Bankruptcy Court |
| BROs | Bankruptcy Restriction Orders |
| DIP | debtor in possession |
| EBDJ | Emory Bankruptcy Developments Journal |
| EEOC | Equal Employment Opportunity Commission |
| FSA | Financial Services Authority |
| MP | Lid van die Parlement |
| SARS | Suid-Afrikaanse Inkomstediens |
| VSA | Verenigde State van Amerika |